DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

29/2024

10 Oktober 2024

## LIEWE MENLO

My ma het altyd gesê dat dit 'n goeie teken is as die eerste somerreën eers na die 10de Oktober uitsak. Behalwe dat my ma altyd (dink sy) weet wanneer ons koud kry, weet sy nie veel van weervoorspelling nie. Die somerprag wat soos klokslag volg nadat die eerste reën die wintervaal weggespoel het, laat my dink dat my ma tog insig in die weerpatroon het. Die pragtige jakarandas het die ganse stad in vervoering en skielik is nie net die omgewing nie, maar ook die gemoedere in helder skakerings van somer getooi.

Die laaste paar dae staan ek opnuut verwonderd oor ons pragtige omgewing. Stap jy – ons matrieks hardloop nie meer nie – uit juffrou Claassen se klas in die A-blok na mnr. Grové se klas op die hoogste pieke van Menlopark, word jy met 'n toevallige (dog intense) kardiovaskulêre oefensessie én 'n poskaartmooi uitsig oor die horison bederf. So ver as wat die oog kan sien, verf die jakarandas die strate pers. My ma – ek besef nou eers dat sy nie net 'n weerkenner is nie, maar ook 'n plantkenner – vertel dat jakarandas eintlik uitheems is. Só uitheems is hierdie pragtige blommetjieskombers dat dit selfs onwettig is om nuwes te plant. "Ons het wat ons het," is wat my ma altyd sê as sy na die jakarandas verwys. Hier op die derde vloer in die Wiskundeklas dwaal my gedagtes (jammer meneer) terug na die jaar wat amper verby is en ek besef dat die pragtige jakarandas vir my 'n metafoor van 2024 is, want ons het wat ons het … en dis genoeg.


Hier op Menlo-bodem is meer puik onderwysers as jakarandas in die stad. Elke Menloparker word met genoeg entoesiasme, ywer, toewyding en deursettingsvermoë gevoed om optimale groei te verseker. Soms is dit nodig om 'n bietjie te snoei, maar na elke snoeisessie, dikwels in die vorm van 'n moeilike toets en soms in die vorm van 'n uitdagende opdrag, rank ons weer na die son.

Toe die skoolklok 'n onverwagse einde aan my dagdromery maak, sien ek hoe die Parkies ritmies na die volgende klas skarrel. Van die boonste vloer sien ek die bloudruk van die natuur – soms voel dinge deurmekaar, maar daar is tog 'n patroon. My pa noem dit *method in the madness*. Vir lank het ek nie mooi verstaan wat dit beteken nie. Nou weet ek dat die oorgang van seisoene – selfs die wind en stof – saamwerk om 'n somersimfonie te skep. Na 'n donker nag word dit altyd weer lig en selfs teleurstellings het dikwels 'n silwer rand.

Teen Oktober het die somer die winterroes finaal verdryf en pak ons elke dag volstoom aan. Die Menlotuin was vir vyf jaar my heimat. Hier het ek tot 'n selfversekerde jongmens wat met kinderlike opgewondenheid na die grootmenswêreld uitsien, gegroei en ontwikkel. Dit weet ek nou: Die Menlo-bodem bied die perfekte kombinasie van grond, lig, hitte en water sodat elke Menloparker, met hulle gesigte na die son, die hoogste kan nastreef.

Hier, in die skadu van die pers kombers, het ek vanjaar my voete gevind; dankbaar vir die hede en absolut toekomsgereed.

MATRIEK 2024



## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

**Openbaring 3:21**

"Ek het oorwin en Ek het saam met my Vader op sy troon gaan sit. As jy oorwin en aanhou glo, dan sal Ek vir jou sê jy mag saam met My regeer, jy mag saam met My op my troon sit."




## DAGBOEK

**11/10**
Muurbal: Afsluitingsfunksie (Saal, 18:00)

**12/10**
Atletiek: NWU Top 30

**14/10**
Gr. 12-kerkafsluiting & eksamenreëlings (Amfiteater, 07:30)

**15/10**
Gr. 12-akademiese toekenningsaand (Saal, 18:30)

**16/10**
Akademie: Top-10-funksie (Saal, 18:00)

**17/10**
Swem: Aflosgala / Atletiek: Afsluitingsfunksie (Saal, 18:00)
Drama: Sluitingsdatum vir aansoeke (kleure & erekleure)

## SPOG

### Syfersterk Parkie behaal provinsiale kleure



Dit is algemene kennis dat Parkies syfers vir ontbyt verorber. Wat egter nie algemene kennis is nie, is die feit dat Wiskunde 'n spansport is. Skye Smit (gr. 10) is gekies om Gauteng-Noord se senior eerstespan by die South African Mathematics Team Competition te verteenwoordig. Skye het die geleentheid met albei hande aangegryp en haar span gehelp om die derde plek te behaal. Welgedaan!

### Parkie lewer hoendervleisvertoning



Margot Lortan is 'n Menlo-musikant wat geen bekendstelling nodig het nie. Hierdie talentvolle sanger het die beoordelaars by die Noorderkruin Kunstefees bekoor en met 'n A en A+ huiswaarts gekeer. Knap gedaan!

### Parkies verruil streeptruie vir bultruie





Die Blou Bulle het pas twee Menloparkers ryker geword. Baie geluk aan Divan Nel en Rocco Myburgh wat volgende jaar vir die Blou Bulle se o. 19-span sal uitdraf.

Menlo-rugby is trots op hierdie twee rugby-ambassadeurs en wens hulle voorspoed vir die toekoms toe.

# Menlo *rok* die loopplank aan die brand

Wat is lekkerder as die matriekafskeid of graad 10-bal? Om daardie pragtige rok of pak vir die tweede keer aan te trek!

Die saal is verlede week in 'n ommesientjie in 'n toneel wat aan die loopplanke van New York en Milaan herinner, omtower. Die immergewilde rokshow was oudergewoonte een van die jaar se modehoogtepunte en die Menlo-modelle het gewys dat Suid-Afrikaners nie net beter rugby as die Europeërs speel nie, maar ook beter *rok*sterre is.

Baie dankie aan me. Elné Coertzen en haar span wat die rokshow vir 'n kishou geslaan het, mnr. Ruan Marais wat as seremoniemeester opgetree het en die matrikulante en graadtiens wat hulle lywe Menlo-modelle gehou het. #Menlo*ROK*









# Lente met kleur en samesyn verwelkom

Op Menlo-bodem word die lente jaarliks met 'n lentetee gevier. Dit is tradisie dat hierdie geleentheid deur die voorsitter van die Matriekraad se sosiale komitee georganiseer word, terwyl die graad 8- en 9-dogters en hulle moeders as gasvroue optree. Voordat jy verlede Saterdag, jakaranda, kon sê, het die gasvroue die saal in 'n lentelushof van kleur en samesyn omskep.

Ivy Sutton, bekroonde spreker, het haar ervaring van moederskap en vrouwees op 'n eerlike en humoristiese manier gedeel. Daarby het sy ook 'n paar praktiese wenke gegee wat die dames en dogters daaraan herinner dat elkeen geliefd is. Anné Pretorius het die Menlo-moeders aangemoedig om hulle stories te skryf en haar pragtige boek – 'n hulpmiddel wat dames help om hulle stories vir hulle dogters neer te pen – aan die gehoor bekendgestel.

Baie dankie aan Elzette Fouche (Matriekraad) wat as seremoniemeester opgetree het, me. Elzette van Zyl en elke gasvrou wat meegewerk het om die saal in 'n lentetuin te omskep asook aan die graad 10-ensemble wat die perfekte atmosfeer met pragmusiek geskep het.

Mee. Mariana de Klerk en Ilze van Niekerk verdien 'n veer in die hoed vir die uitsonderlike kunsuitstalling in die foyer.

Ons kuier gou weer saam.









# SPORT

## Menloparkers is presteerders dit kan julle glo...

Hulle hou een maal per jaar 'n prysuitdeling en dan maak hulle so...

Menlo se sportspanne het die prestasies vanjaar behoorlik laat inrol en dit was verlede week tyd om die trofeë wat die spanne gedurende die seisoen verower het by die onderskeie toekenningsfunksies uit te deel.

Almal weet dat 'n toekenningsfunksie op Menlo-bodem 'n gesellige affêre is: Daar word heerlik saamgekuier, terwyl die Parkies se prestasies gevier word. Die Insig lewer vandeesweek graag verslag oor die hoogtepunte van die funksies wat reeds afgehandel is.

Hartlik geluk aan elke speler wat Menlo vanjaar op die veld verteenwoordig het asook die spelers wat toekennings ontvang het. Die afrigters verdien 'n pluimpie vir hulle bydrae tot Menlo se sportsukses. #DankieMenlo

### Netbal

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Eleanor du Toit |
| Junior speler van die jaar | Sydney Diemont |
| Senior speler van die jaar | Lente Kroukamp |
| Kaptein van die jaar | Minette Boshoff |
| 100+ eerstespanwedstryde | Cellonika van den Berg<br>Marisa van den Berg<br>Minette Boshoff |

### Rugby

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Dirk Odendaal |
| Span van die jaar | o. 15A |
| Junior 7's-speler van die jaar | Juan Grobler |
| Senior 7's-speler van die jaar | Reinhardt Herbst |
| Junior speler van die jaar | Dylan Stumke |
| Senior speler van die jaar | Rocco Myburgh |
| Menlo-speler van die jaar | Leskin Samuels |

### Hokkie

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Brad Brook (dogters)<br>Mnr. Wayne Coldman (seuns) |

**Dogters**

| | |
|---|---|
| Speler van die jaar | Emma Loubser (o. 14)<br>Megan Nieman (o. 15)<br>Katelynn Blokpoel (o. 16)<br>Gardi van Niekerk (o. 18) |
| Uitsonderlike prestasie 2024 | Danielle McCann |

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Speler van die jaar | Heinz Kunzmann (o. 14)<br>Daniel Palmer (o. 16)<br>David van Niekerk (o. 18) |



# ATLETIEK

## Rekords spat by Grey-Oranje-byeenkoms

Die gedagte aan 'n atletiekbyeenkoms waar die land se voorste atlete aantree, is vir die meeste mense 'n vreesaanjaende gedagte. Dit is egter algemene kennis dat Parkies nie vir uitdagings terugdeins nie, maar eerder daardeur geïnspireer word om vinniger, hoër en sterker te word. Wanneer 'n Parkie 'n grys of oranje spoor uitsnuffel, is dit klaarpraat met die mededingers!

Die Parkie-atlete het verlede week gewys wat dit beteken om ons leuse, Excelsa Petamus, op die baan en veld uit te leef en die ander skole kon eenvoudig nie byhou nie. Megan Nieman het die ASA-rekord in die 90 m-hekkies nie-amptelik vir die vierde keer vanjaar verbeter, terwyl die ASA-rekord vir gewigstoot danksy Joshua Gerber ook (nie-amptelik) 'n paar sentimeter aangeskuif het.

Baie geluk aan die atlete en afrigters onder leiding van me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith wat stof in die ander spanne se oë geskop het om skoonskip by die byeenkoms te maak.

**Hier volg die uitslae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dogters | 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. Noordheuwel | 3. Oranje Meisies (A) |
| Seuns | 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. Paarl Boys High | 3. Noordheuwel |

**Spesiale toekennings**

Beste prestasie in 'n velditem (seuns) & victor ludorum: Joshua Gerber














# KRIEKET

## Menlo-krieket lewer kragtoer




Hier volg die week se uitslae. Baie geluk aan die spelers en afrigters met uitstekende prestasies.

Menlopark o. 15B teen Zwartkop o. 15B

| | |
|---|---|
| Zwartkop | 117 almal uit (Lino Fouche 5/25) |
| Menlo | 118/2 (Zander Serfontein 66*) |

Menlo wen met 8 paaltjies.

Menlopark 2de XI teen Centurion 2de XI

| | |
|---|---|
| Centurion | 109 almal uit (Paul Lubbe 5/19) |
| Menlo | 110/ 4 (Daniël Pienaar 33*) |

Menlo wen met 6 paaltjies.

Menlopark 1ste XI teen Centurion 1ste XI

| | |
|---|---|
| Centurion | 158 almal uit (Murray Hofmeyr 3/23) |
| Menlo | 159/5 (Steve Stolk 110) |

Menlo wen met 5 paaltjies.

### Menlo spog met sewe Titans

Hartlik geluk aan die volgende krieketspelers wat vir diens in die Titan-spanne opgeroep is.

| | |
|---|---|
| O. 15 | Heinrich Claassen & Jan-Willem Pienaar |
| O. 16 | Monré Koekemoer |
| O. 19 (dogters) | Miané Krynie, Danielle Slabbert & Jané Verhage |
| O. 19 | Steve Stolk |



# Menlo-ruiters eindig seisoen op hoogtepunt

Die perdryseisoen het sy gô uitgeblaas en die stof het vir eers gaan lê. Baie geluk aan die ruiters wat top-20-posisies by Sanesa se SA's behaal het. Die Insig sien saam met die ruiters na 'n welverdiende blaaskans én die 2025-seisoen uit.



### Core League Rising Stars Challenge Championship

| | |
|---|---|
| Performance Riding | Dea Higgins (2) |
| Jumping | Micaela Cloete (6 & 8); Lisa Fouche (13 & 15) |
| Equitation | Lisa Fouche (8) |

### Core League National Championships

| | |
|---|---|
| Dressage | Mieke van den Berg (1 & 2); Mirabelle Neveling (3*); Paige Durrant (5 & 12); Annebell Pienaar (11 & 13) |
| In-Hand Utility | Ziané van den Berg (1); Lize Coetzee (3) |
| Prix Caprilli | Mieke van den Berg (1 & 14); Ziané van den Berg (1 & 5); Paige Durrant (4 & 7) |
| Equitation | Lize Coetzee (3); Milan Brink (19) |
| Performance Riding | Nina Prinsloo (3); Mieke van den Berg (8); Nadine Roux (19) |
| Jumping | Lize Coetzee (4 & 17) |
| Working Riding | Lize Coetzee (13); Nadine Roux (13) |

Western Mounted Games National Championships: Paige Cronje (19)

(* – twee klasse)

# MARKPLEIN



Capsicum
CULINARY STUDIO
PASSIONATE ABOUT COOKING? TURN YOUR PASSION INTO A CULINARY CAREER
CAPSICUMCOOKING.COM
PRETORIA CAMPUS
012 993 0071
134 Aramist Ave,
Waterkloof Glen




Saturday 19 October
11h00
15h30
the Nutcracker PRINCESS
PERFORMED BY:
Liezel Marais Dance Academy
Laerskool Lynnwood Kunste Akademie
Tyger Valley College Dance Academy
STATE THEATRE
Bookings @Webtickets
INFO: LIEZEL
083 306 5565




Laat jou herinneringe lééf!
Wil jy iets betekenisvol vir jou kinders (en kleinkinders) nalaat?
Woon dié unieke werksessie by – aangebied deur Zarine Roodt, memoirskrywer, en Anné Pretorius, samesteller van 'n eiesoortige nalatenskapsjoernaal.
Saterdag, 19 Oktober | 09:00 - 16:30 | Lynnwood, Pretoria: Sussexlaan | R950
Self-Care for the Psyche
Navrae & Besprekings: zroodt@mweb.co.za
www.memoirebooks.co.za | www.zarineroodt.com





Multiply & Vitality Fitness Assessments
Waar: Body Intellect Mooikloof
Adres: 268 Holding, Atterbury road East
Wanneer: Maandae-Saterdae per bespreking
Tyd: 30-45 min per sessie
Kontak gerus vir Chantel by 0607360329
CHANTEL SWART
BIOKINETICSsa




OCTOBER
Breast Cancer
AWARENESS MONTH
OUR SERVICES:
Mammography with Tomosynthesis
Breast Ultrasound
Bone Densitometry (DEXA)
Ultrasound & Mammography Guided Biopsies
WE ALSO OFFER:
X-rays, Ultrasounds, CT Scans & Specialised MRI's
DON'T WAIT FOR SYMPTOMS
REMEMBER TO BOOK YOUR MAMMOGRAM
10% discount for all self-paying mammogram patients in October
Most medical aids pay for mammograms from screening benefits, not medical savings. Contact us with your medical aid details to confirm your benefits
Club WOMEN'S IMAGING CENTRE
012 880 4900
CLUB.AUTH@DRSBURGER.CO.ZA
30 PINASTER AVE, HAZELWOOD, PRETORIA


UNCAPPED WiFi
in 3 maklike stappe
1 Doen 'n COVERAGE check
2 Kies 'n gepaste WiFi PAKKET
3 Plaas jou BESTELLING aanlyn
wirulink
wireless · fibre · voice · data
Jou BESTE Plaaslike Internet Verskaffer.
RUSH NETWORK
www.wiru.co.za • 012 111 8300


UNDER ARMOUR
VOORSKRIFBRILLE
NOU BESKIKBAAR BY
Bespreek Aanlyn
specsavers
Vir BEKOSTIGBARE OOGSORG
HILLCREST | 012 362 3144
Winkel 14 Grondvloer, Hillcrest Boulevard Winkelsentrum


Improve your Home WiFi
with Axxess Fibre!
From
R299* p/m
Faster WiFi
Parental Controls
Better Coverage
Free-to-use Huawei WiFi AX3
axxess
Internet your way
*T's & C's apply


www.pjtsa.co.za
PJT
ORDER ONLINE RIGHT NOW!
SHOP NOW
(011) 396 3690/1
69 Pomona Rd, Pomona. Kempton Park


Flavourlicious Creations
Bespoke cakes and cupcakes for all occasions
• Baked from scratch
• Quality ingredients
• Delicious
• Beautiful
Contact us for a quote:
076 7733262
info@Flavourlicious.co.za
Follow us:
Flavourlicious Creations
Flavourlicious_creations